

2

GEBED

Jesus leer ons bid

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING:

Die ouers en kinders moet weet gebed is om eerlik met God te praat.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet –

- 'n mens moenie soos skynheiliges bid nie.
- wanneer 'n mens bid, moet dit uit jou hart kom.
- die Ons Vader-gebed is 'n goeie voorbeeld van hoe ons moet bid.

Gesindheid

Die kinders moet –

- met vrymoedigheid kan bid.
- bly wees dat ons met God kan praat oor dit wat in ons harte leef.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die Ons Vader-gebed kan opsê.
- self spontaan kan bid.

MEER INLIGTING (Matteus 6: 5-15; Matteus 7: 7-12; Lukas 18: 1-8)

Om te bid, is 'n baie belangrike deel van 'n gelowige mens se lewe. Vir die meeste van ons is dit moeilik om te bid, veral in die openbaar.

Ons weet ook nie altyd wat om te sê wanneer ons bid nie. So was dit ook met die dissipels van Jesus. Op 'n dag het een van hulle Hom gevra: *Here, leer ons bid* (Lukas 11: 1).

Dit is seker een van die belangrikste dinge wat ons van Jesus kan vra, dat Hy 'n mens moet leer hoe om te bid. As Jesus sy dissipels leer, praat Hy eers oor hulle ingesteldheid. Voordat ons regtig kan bid, moet ons gesindheid reg wees.

Jesus sê 'n mens moenie soos 'n skynheilige bid nie. 'n Skynheilige mens bid net om gesien te word. Hulle gaan staan op die straathoeke en in die sinagoges en bid, sodat baie mense hulle kan sien bid en kan dink dat hulle goed is. Dit het geen betekenis nie.

Om baie woorde te gebruik wanneer 'n mens bid, het ook nie betekenis nie. As 'n mens sommer net 'n klomp goed sê sonder om dit te bedoel, is dit leeg en sinneloos. As 'n mens woorde gebruik wat jou geleerd en belangrik laat klink, moet jy jou nie verbeel dat jou gebed om hierdie rede verhoor sal word nie.

Jesus sê ons moet in ons binnekamer ingaan en bid. Om te bid, is om met God uit jou hart te praat.

Jesus gee vir sy dissipels 'n voorbeeld van 'n ware gebed. Hy sê vir hulle: *So moet julle bid...* En dan leer Hy vir hulle die Ons Vader-gebed.

Vir ons is dit ook belangrik om die Ons Vader as 'n gebed te ken. Maar ons kan ook in ons eie woorde bid. Daar is 'n paar belangrike dinge wat ons in ons eie gebede moet onthou:

- Ons moet God loof en sy Naam verheerlik in ons gebede.
- Ons mag ook vra vir alles wat ons elke dag nodig het.
- Ons moet vra vir die Here se vergifnis. Ons kan dit net doen as ons self ook bereid is om ander mense te vergewe.
- Ons mag ook nie vergeet om die Here te dank vir sy liefde en genade nie.

Om te bid, is om met die Here te praat. 'n Ware kind van die Here praat graag en gereeld met die Here.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Maak 'n boekmerk met die Ons Vader-gebed daarop vir elke kind.

KOM ONS BEGIN

Vra een van die ouers om met 'n gebed te open.

HET HULLE ONTHOU?

Baie belangrik: Onthou, as die kinders gekontroleer word op feite of enigiets anders wat hulle moes leer uit die vorige week se werk, MOET HULLE BOEKE TOE WEES, anders dien dit geen doel nie. Onthou asseblief hierdie opmerking by al die lesse.

Kontroleer of hulle –

- die teksvers voltooi,
- die vraag beantwoord, en
- die feite gaan leer het.

TEKSVERS

Daar was ook 'n stem uit die (*hemel*) wat gesê het: “Dit is my (*geliefde*) (*Seun*). Oor Hom (*verheug*) Ek My.” (Matteus 3: 17)

VRAAG

- Wat was Jesus se roeping? *Hy moes vir ons sondes kom sterf.*

FEITE

Vra vrae oor die volgende:

- Johannes het vir Jesus gedoop.
- Jesus is in die Jordaanrivier gedoop.
- Jesus moes gedoop word as 'n teken dat Hy in ons plek voor God staan.
- Die Gees van God het soos 'n duif op Jesus neergedaal.
- Wat Jesus vir ons almal kom doen het, het begin met sy doop.
- Jesus se opdrag van God was om vir ons sondes te sterf.
- Jesus het die Heilige Gees ontvang om in Hom te bly, Hom te lei en Hom te versterk vir sy roeping.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

'n Gebed is om met God te praat. Wanneer ons bid, moet dit uit ons hart kom. 'n Mens moet nie soos 'n skynheilige bid nie. 'n Skynheilige maak of hy beter is as wat hy regtig is. Ons moet ook gereeld bid. 'n Ware kind van God praat gereeld met God. Die Ons Vader-gebed is 'n goeie voorbeeld van hoe ons moet bid.

IETS INTERESSANT

Jesus se dissipels het nie geweet hoe om te bid nie. In Lukas 11: 1 lees ons: *Op 'n dag het een van hulle Hom gevra: “Here, leer ons bid.”* Dra die inhoud van MEER INLIGTING oor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by hulle in:

- 'n Gebed is om met God te praat.
- Wanneer ons bid, moet dit uit ons hart kom.
- Wanneer jy bid, moet jy nie maak of jy beter is as wat jy regtig is nie.
- Ons moet gereeld bid.
- Die Ons Vader-gebed is 'n goeie voorbeeld van hoe ons moet bid.

- In ons gebede –
 - moet ons God loof en sy Naam verheerlik.
 - mag ons vra vir alles wat ons elke dag nodig het.
 - moet ons vra vir die Here se vergifnis. Ons kan dit net doen as ons self ook bereid is om ander mense te vergewe.
 - moet ons die Here dank vir sy liefde en genade.
- God luister na elkeen se gebed, maak nie saak wie jy is nie.

IETS OM TE DOEN

Laat die ouers en kinders die vrae hieronder bespreek en beantwoord. Laat hulle terugrapporteer.

- Hoe is 'n skynheilige mens? *Dit is iemand wat voorgee om iets te wees wat hy of sy nie werklik is nie.*
- Hoe bid skynheilige mense? *Hulle gebruik baie woorde wat nie regtig bedoel word nie. So iemand wil net deur ander mense raakgesien word.*
- Hoeveel keer moet ons op 'n dag bid? *'n Mens moet gereeld bid. Jy kan soveel keer bid as wat jy wil.*
- Wat moet ons in gedagte hou wanneer ons bid? *Om God te loof en sy Naam te verheerlik, om vir alles te vra wat ons elke dag nodig mag hê, om vir die Here vergifnis te vra, en om die Here te dank vir sy liefde en genade.*

Laat die kinders saam met hulle ouers die Ons Vader-gebed voltooi (Matteus 6: 9-13).

Ons Vader wat in die *hemel* is, laat u Naam *geheilig* word; laat u *koninkryk* kom; laat u wil ook op die *aarde* geskied, net soos in die *hemel*. Gee ons vandag ons *daaglikse brood*; en vergeef ons ons *oortredings* soos ons ook dié vergewe wat teen ons *oortree*; en laat ons nie in die *versoeking* kom nie maar verlos ons van die *Bose*. Aan U behoort die *koninkryk* en die *krag* en die *heerlikheid* tot in ewigheid. Amen.

BY DIE HUIS

- Die kinders moet hulle eie gebed skryf. Herinner hulle om die paar dinge wat vroeër genoem is, in gedagte te hou.
- Onthou om solank reëlings te tref vir 'n besoek aan 'n tehuis vir bejaardes vir die week wanneer Les 6 aangebied word.
- Laat hulle die feite gaan leer.
- Laat hulle die Ons Vader-gebed gaan leer.

AFSLUITING

Laat een van die kinders Gesang 266 as 'n gebed lees.

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk
en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.